Kinders se behoeftes – Eugene Laäs

Kinders ervaar verskillende behoeftes op verskillende tye in hulle lewens. Behoeftes kan insluit:

- Om fisies en emosioneel veilig te voel.
- Om menswaardig behandel te word.
- Om verhoudings te kan herstel.
- Om met iemand te praat wat bereid is om te luister.
- Iemand wat hulle probleme verstaan en empatie toon.
- Om warmte te beleef, te voel dat hulle welkom is en iewers 'tuis' hoort.
- Hulp om probleme te oorkom.
- Om aanvaar te word as 'n unieke individu.
- Om versorg te word op fisiese, emosionele, geestelike en intellektuele gebiede.
- Ouerlike sorg en toesig.
- Goed gebalanseerde dieët, genoeg oefeninge, voldoende slaap.
- Goed gebalanseerde ontspannings aktiwiteite.
- Voldoende behuising soos eie slaapkamer.
- Om te kan weet wat is reg en verkeerd – morele waardes.
- Om 'n goeie voorbeeld te sien van wat verwag word.
- Vriendskappe te mag sluit.
- Voldoende onderwys om potensiaal te bereik.
- Om te kan uitsien na 'n goeie toekoms.
- Voldoende erkenning, waardering en aanmoediging (aandag).
- Sukses te ervaar.
- Regverdig behandel te word en gestraf te word in ooreenstemming met die oortreding.

Kinders wie se behoeftes nie bevredig word nie kan geassosieer word met:

- Ongehoorsame, ontwrigtende en anti-sosiale gedrag.
- Swak skoolbywoning of ongemotiveerd.
- Boelie ander kinders.
- Spesiale Onderwysbehoeftes.
- Skaam, teruggetrokke, bang en passief.
- Gestemdhede soos ADHD, Autisme, Tourette, Aspergers, Dyslexia, Dyspraxia ens. Leergestremdhede kan 'n behoefte wees of as gevolg van behoeftes wat nie aangespreek word nie.
- Swak gesondheid as gevolg van verwaarlosing.
- Dwelm misbruik (alkohol en rook) – angs, senuwees, swak kleur, skaam, min oogkontak, min belangstelling.
- Angs, depressie, eet versteurings, selfbeserings.
- Agressief en bakleierig.
- Oordrewe seksuele belangstelling.
- Vandalisme.
- Diefstal en kriminele oortredings.

Kinders kry groot skade deur die volgende en moet aangemeld word by Kindersorg of die Polisie se kinderbeskerming: Seksuele-, fisiese- en emosionele mishandeling. Verwaarlosing deur gebrekkige toesig en versorging.

Kinders wat hieraan onderworpe is of was moet gespesialiseerde behandeling ontvang.